

20 November

Skrifgedeelte: Josua 1:1-9
Fokusgedeelte: NGB, Art 29

Kenmerke van die ware lidmaat – wyk nie links of regs af nie

Die mens se vermoë om koers te bepaal het dramaties verbeter. Die son en sterre is vervang deur die kompas, wat op sy beurt deur die GPS-stelsel vervang is. Met behulp van satelliete kan mense tot op die meter uitmaak of hulle nog op koers is.

In die geestelike lewe is koershou ewe belangrik. Voorspoed en die bystand van die Here word aan Josua belowe as hy “nie links of regs afwyk nie” (vers 7). Josua het op koers gebly. Hy het die rigsnoer (die wet van Moses) dag en nag oordink en met vasberadenheid alles uitgevoer wat daarin staan (vers 8). Só het hy sy doel bereik. Hy gee dieselfde beproefde raad aan sy opvolgers (Jos 23:6): “Moet nie links of regs afwyk van die wetboek van Moses nie.”

Wat het ons vandag nodig om geestelik op koers te bly? Die wetboek van Moses is steeds tot ons beskikking. Ander geïnspireerde geskrifte is deur die Heilige Gees bygevoeg, sodat ons vandag die volledige Bybel as Woord van God het. Hierdie Woord is vir ons ’n lig vir die voet en ’n lamp vir die pad (Ps 119:105). Met toewyding moet ons dit oordink en met vasberadenheid nie links of regs daarvan afwyk nie.

Maar uit genade gee God ons selfs meer as dit. Hy gee ons ’n persoonlike Gids, ’n “Leidsman na die lewe toe” (Hand 3:15), sy eie Seun Jesus Christus. Deur sy Woord en Gees wil Hy jou vandag persoonlik lei om presies op koers te bly na die hemelse heerlijkheid toe. Volg Hom! Só sal ook jy nie links of regs afwyk nie.

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)